Wes-Kaapse Onderwysdepartement
Shané Joubert
Direktoraat: Kennis- en Inligtingsbestuur
Shane.Joubert@westerncape.gov.za | 021 467 2217

Lêerno.: 20221019-7821
Verwysing: 14/2/4/Annual School Survey

Kennis- en Inligtingsbestuursminuut: 0003/2023

Aan: Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Kringbestuurders en Prinsipale van gewone openbare en onafhanklike skole

Onderwerp: Die Wes-Kaapse Onderwysdepartement (WKOD) se Jaarlikse Skoolopname (JSO) vir gewone openbare en onafhanklike skole in 2023

1. Die JSO vir gewone openbare en onafhanklike skole sal vir die administrasie en bestuur van skole, en die voorsiening van hulpbronne in 2023 gebruik word.

2. Die prinsipaal moet die JSO teen die sperdatum van **07 Maart 2023** voltooi en op SOBIS afteken.

3. Voor die prinsipaal op SOBIS afteken, moet die volgende in plek wees:

   a) Alle leerders wat geregistreer is en in 2023 skool bywoon, moet in hul korrekte graad en klas op SOBIS verskyn.
   b) Enige leerders wat na verwagting sou terugkeer, maar nie teen 07 Maart 2023 by die skool opdaag om hul inskrywing te aanvaar nie, word volgens die leerderbywoningsbeleid gederegistreer. Hierdie leerders kan weer op SOBIS geregistreer word indien hulle ná 07 Maart 2023 vir toelating aanmeld.
   c) Afgestorwe leerders is gederegistreer en die "date deceased" aangebring, soos dit op die doodsertifikaat verskyn.
   d) Alle graad 10- tot 12-leerders se vakke verskyn op SOBIS en die vakveranderinge is afgehandel wees.
   e) Die prinsipaal moet ook verseker dat die lys van opvoeders op SOBIS bygewerk en gekontroleer is. Werkservaring, grade en vakke wat gedurende 2023 onderrig word, moet ook bygewerk word. Vorige jare se grade en vakke wat nie meer op die opvoeder se 2023-werkslading van toepassing is nie, is verwyder.
   f) Die aftekenafdeling van die JSO moet voltooi word om te bevestig dat die data, soos dit op 07 Maart 2023 verskyn, 'n akkurate weerspieëling van die leerderinskrywings en die aantal personeellede is.

g) Prinsipale word herinner aan hul rol as institusionele Onderwysbestuursinligtingstelsel- (OBIS-) beamptes en moet seker maak dat die inligting wat tydens die JSO bygewerk is, 'n akkurate weerspieëling van die getal leerders en personeel by die skole op daardie dag is.

h) Prinsipale moet verder verseker dat die leerdergetalle wat op die JSO ingevoer is, akkuraat is, aangesien die wanvoorstelling van leerdergetalle as bedrog beskou word.

4. Verskeie foutverslae is as riglyne beskikbaar gestel om die verifikasie van die leerder- en opvoederdata by skole te vergemaklik en te sorg dat die bestaande data wat op SOBIS ingevoer is, korrek is.

5. Maak asseblief seker dat alle foute wat in hierdie verslae verskyn, voor aftekening reggestel is.

6. Kringbestuurders moet die JSO-data teen **14 Maart 2023** afteken en die vordering monitor. Indien aansoeke om graadveranderinge nie verwerk is nie, daar nog foute oorbly, en waar prinsipale nie hul JSO se datastelle afgeteken het nie, sal kringbestuurders dit nie afteken nie.

7. 'n SOBIS-verslag is beskikbaar om leerders te identifiseer wat nie in besit is van identiteitsnommers nie, en om die vaslegging van ontbrekende identiteitsnommers te fasiliteer. Indien 'n leerder nie in besit van 'n geldige identiteitsnommer is nie, stel asseblief die ouer in kennis van die proses om aansoek te doen vir 'n identiteitsdokument by die Departement van Binnelandse Sake. Prinsipale se aandag word gevestig op Omsendbrief 0053/2021, gedateer 09 Maart 2022, oor die toelating van ongedokumenteerde Suid-Afrikaanse of buitelandse leerders en word versoek om ouers by te staan en, waar moontlik, die proses deur die Departement van Binnelandse Sake te fasiliteer.

8. Indien enige probleme met die voltooiing van die JSO ondervind word, kontak gerus die volgende tersaaklike kringbestuurder of distriksamptenaar:

Distrik	Distriksamptenaar	Tel.	E-pos
Metro-Noord	Siviwe Mdelo	021 938 3052	Siviwe.Mdelo@westerncape.gov.za
Metro-Sentraal	Anita McGrath Tercia Southgate	021 514 6751 021 514 6737	Anita.McGrath@westerncape.gov.za Tercia.Southgate@westerncape.gov.za
Metro-Suid	Anastasia Kinnear Masixole Stofile	021 370 2120 021 370 2106	Anastasia.Kinnear@westerncape.gov.za Masixole.Stofile@westerncape.gov.za
Metro-Oos	Buseka Ndinisa Thembeka Dlamini	021 900 7305 021 900 7011	Buseka.Ndinisa@westerncape.gov.za Thembeka.Dlamini@westerncape.gov.za
Weskus	Kurt Lewis	021 860 1596	Kurt.Lewis@westerncape.gov.za

Kaapse Wynlande	Kevin van Eeden	023 348 0635	Kevin.vanEeden@westerncape.gov.za
Overberg	Suzanne Braaf	028 214 7411	Suzanne.Braaf@westerncape.gov.za
Eden en Sentrale Karoo	Romelda America Keith Zibi	044 803 8367 044 803 8346	Romelda.America@westerncape.gov.za Keith.Zibi@westerncape.gov.za

9. Die kwaliteit van die Onderwysbestuursinligtingstelsel- (OBIS-) data sal aan norme-en-standaarde-oordragbetalings gekoppel word. Prinsipale sal die nakomingsverslae via SOBIS bekom. Prinsipale moet die JSO-prosesse koördineer om te verseker dat data korrek vasgelê, tydig voltooi en dienooreenkomstig afgeteken is.

10. Die Direktoraat: Kennis- en Inligtingsbestuur sal die nakoming, datakwaliteit en aftekening van die JSO se voorlegging monitor en afteken. Alle nienakoming, ongerymdhede en datatekortkominge sal by die Hoof van Onderwys aangemeld word.

11. Indien enige tegniese probleme met die voltooiing van die JSO ondervind word, kontak gerus die skole se IT-dienstoonbank by 021 834 4690 of SchoolsIT.Servicedesk@westerncape.gov.za.

12. Onafhanklike skole word daaraan herinner om hulself te vergewis van hul registrasievoorwaardes. Let daarop dat nakoming van die WKOD se datavereistes deel vorm van hierdie voorwaardes en nienakoming kan tot deregistrasie lei.

13. Die WKOD waardeer die bydrae en toegewydheid van alle onderwysamptenare en sien uit na u voortgesette samewerking gedurende 2023.

GETEKEN: MS ABRAHAMS
ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: ONDERWYSBEPLANNING
DATUM: 2023-01-17